'n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

# 2017 BEGROTING
# DIE PUBLIEK SE GIDS

ISSUED BY: National Treasury
Tel: (012) 315 5757
www.treasury.gov.za

national treasury
Department: National Treasury
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**Wat is die BEGROTING?**

Jaarliks, gedurende Februarie, kondig die Minister van Finansies die regering se bestedings-, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar aan. Dit word die Nasionale Begroting genoem. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

## INHOUD




2
1. Boodskap vanaf die minister
2. Bevorder belegging en skep werk
3. Hoe goed bestee munisipaliteite hulle geld



3
1. Ondersteuning vir boere
2. Voorsiening van maatskaplike ondersteuning aan armes
3. Waar kom die geld vandaan en hoe gaan dit in 2017/18 bestee word?

4
1. Verandering in persoonlike inkomstebelasting
2. Belastingskale
3. Toename in brandstofheffing


## HOE DIE BEGROTING OPGESTEL WORD

1. Departementele riglyne wat aandui watter begrotingsinligting vereis word, word uitgereik
2. Departemente prioritiseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
4. Interdepartementele komitees van Direkteurs-Generaal oorweeg voorstelle vir toekenning van fondse
5. Hulle maak aanbevelings aan die Ministersbegrotingskomitee
6. Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
7. Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter Tafel gelê
10. Parlement debateer en aanvaar die Begroting
11. Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



# RADIKALE EKONOMIESE TRANSFORMASIE VIR INKLUSIEWE GROEI

Die regering het 'n plan vir 'n sterker ekonomie en 'n begroting wat oor die lang termyn kan groei en aan landsburgers voorsien. Die 2017 Begroting is daarop gemik om die toename in staatskuld te verminder deur minder te leen. Dit beoog ook om die gehalte van besteding te verbeter en te verseker dat dienslewering nie in die gedrang kom nie.

Daar word verwag dat die ekonomie binne die volgende drie jaar sal verbeter. Ekonomiese groei was slegs 0.5 persent in 2016, maar sal na verwagting 1.3 persent in 2017 beloop, en toeneem tot 2.2 persent teen 2019. Hierdie tempo van ekonomiese groei is welkom, maar dit is nogsteeds te stadig om werkloosheid en armoede aan te spreek. Stadige groei beteken ook dat die regering minder belastinginkomste sal invorder. Die begroting verminder besteding met R10 miljard in 2017/18 en met R16 miljard in 2018/19. Hierdie verminderings sal geen invloed op kern maatskaplike en ekonomiese programme hê nie.

> Die regering is daartoe verbind om sy planne vir die bevordering van ekonomiese groei te implementeer deur met die sakesektor, arbeid en alle Suid-Afrikaners saam te werk

Vir die regering om dienslewering- en sterk openbare finansies in stand te hou, sal daar meer met minder gedoen moet word, deur die kwaliteit van besteding te verbeter. Aksie moet geneem word om verkwisting te verminder en korrupsie uit te skakel en Suid-Afrikaners moet die regering help om dit te bereik.

Die Regering moet ook maniere vind om belastinginkomste te verhoog. Met hierdie begroting moes die regering belasting met R28 miljard verhoog. Die meeste van die belastingverhogings sal op gegoede Suid-Afrikaners van toepassing wees. Persone wat meer as R1,5 miljoen per jaar verdien sal nou 45 persent belasting op hierdie inkomste moet betaal. Die begroting stel ook voor dat belasting op dividende wat aan die eienaars van maatskappye uitbetaal word, verhoog. Maar terwyl die rykstes die grootste deel van die verhoging sal betaal, dra alle Suid-Afrikaners by tot belasting en sal ons almal die las moet deel.

Die alternatief vir die verhoging van belastings is vinniger ekonomiese groei. Dit sal ekonomiese transformasie vereis. Die regering se doel is om die ekonomie te transformeer, nie net deur die oordrag van eienaarskap of die toekenning van tenders nie. Transformasie moet poog om 'n nuwe ekonomiese momentum te bou, nuwe beleggings te mobiliseer, nuwe werksgeleenthede te skep en nuwe bronne om sosiale verandering te ondersteun, ontgin. Die regering is daartoe verbind om sy planne vir die bevordering van ekonomiese groei te implementeer deur met die sakesektor, arbeid en alle Suid-Afrikaners saam te werk. Inisiatiewe sluit in:

- Verhoogde befondsing vir kleinbesighede
- Verhoogde elektrisiteitsvoorsiening, belegging en indiensneming deur onafhanklike kragverskaffers (OKV) program
- Hersiende reëls vir regeringsaankope om besigheids- en werksgeleenthede vir benadeelde groepe en vroue te verhoog
- Die verbetering van die betroubaarheid van openbare vervoerdienste; insluitend Metrorail en die bussnelvervoerstelsels

Landsburgers kan help deur hul leiers verantwoordbaar te hou en die klem te plaas op korrupsie, vermorsing van openbare hulpbronne en wanadministrasie. Saam kan ons Suid-Afrika verenig, die ekonomie transformeer tot almal se voordeel en 'n beter toekoms bou ■



2017 People's Guide Afrikaans.indd 1 2017/02/18 12:05 PM



# BOODSKAP VANAF DIE MINISTER

Mede Suid-Afrikansers, Suid-Afrika se politieke ekonomie is by 'n kruispad. Kortliks beteken dit dat dit nie kan voortgaan soos altyd nie. Ernstige strukturele veranderinge is nodig om hoër groei te genereer maar terselfdertyd vereis dit 'n verandering van rigting.


'n Hoë vlak van monopolisering, gepaardgaande met een van die hoogste vlakke van globale ongelykheid en die volgehoue vlak van strukturele werkloosheid, dui daarop dat sterk strukturele veranderinge benodig word om die lae groei-wip te ontsnap. Daar is 'n dringende behoefte aan meer inklusiewe groei.

Konsentrasie in die produktemark, gee genoeg ruimte vir diegene wat vinnig ryk wil word om korrupsie, bevoordeling en skimgewin te regverdig. Die vlak van konsentrasie beperk toegang tot markte en die formele ekonomie.

Dit is om hierdie rede dat vanjaar se Begroting gebruik sal word om uiteenlopende transformasie te bevorder en om ekonomiese groei meer inklusief te maak. Dit beteken dat ons programme daarop gemik sal wees om die ekonomie te transformeer sodat meer van ons mense, en nie slegs enkeles, voordeel trek uit ekonomiese groei. Hoër ekonomiese groei sal nie net verseker dat meer inkomste ingevorder word nie, maar sal ook verseker dat ons 'n groter kans het om vir Suid-Afrikaners werk te skep.

Die goeie nuus is dat ons die Begroting voorlê in 'n tyd waar alles daarop dui dat ons ekonomie met 'n effens hoër koers as in 2016 gaan groei. Ten spyte hiervan lê daar heelwat werk voor wat gedoen moet word ■

# BEVORDER BELEGGING EN SKEP WERKSGELEENTHEDE



Die regering beoog om die ekonomie te transformeer deur middel van werkskepping en beleggingsgroei. 'n Aantal inisiatiewe en vennootskappe tussen die regering en besigheid om groei aan te moedig, is tans in proses. Dit sluit in:

- Die regering se Landbou-Groei-Inisiatief wat opkomende en kommersiële boere ten opsigte van toegang tot water, markte en befondsing ondersteun.
- Verhoogde befondsing en voorsiening van ondersteuning aan mededingende klein sake-ondernemings. Die privaatsektor het R1.5 miljard in 'n kleinsake-mentorskapsfonds belê.
- Die "Ja-Inisiatief" – 'n driejaar program om een miljoen jeuginternskappe te skep - soos deur die regering, sakesektor en arbeid ooreengekom.
- Die toetrede van onafhanklike kragverskaffers (OKVs) in die elektrisiteitsektor het elektrisiteitsvoorsiening 'n hupstoot gegee, met die belegging van R194.1 miljard en die skepping van 57 000 werksgeleenthede. Die OKVs is privaatbeleggers wat son- en windkragopwekkingsaanlegte oprig en die elektrisiteit aan Eskom verkoop. Die regering beplan om met die OKV program voort te gaan en die model na ander sektore uit te brei.
- R947.2 miljard openbare sektor belegging in elektrisiteit, water en sanitasie, openbare vervoer, behuising, skole, hospitale en klinieke oor die volgende drie jaar ■

# HOE GOED BESTEE MUNISIPALITEITE HULLE GELD

**Munisipaliteite is verantwoordelik vir die voorsiening van basiese dienste soos water en elektrisiteit aan plaaslike gemeenskappe, asook om te verseker dat daar behoorlik na stede en dorpe omgesien word. Dit is belangrik vir landsburgers om te weet dat hulle munisipaliteit geld invorder en hoe dit bestee word. Landsburgers moet ook 'n sê hê in hoe toekomstige hulpbronne bestee sal word om hulle lewens te verbeter.**

Die Nasionale Tesourie implimenteer veranderinge om finansiële data van munisipaliteite te verbeter en dit meer toeganklik vir die algemene publiek te maak. Die "Munisipale Fondse"-webtuiste www.municipalmoney.gov.za is in Oktober 2016 van stapel gestuur. Die webtuiste voorsien algemene inligting oor elke munisipaliteit soos waar dit geleë is, hoeveel mense in die munisipaliteit woon, wie die burgemeester en die munisipale bestuurder is, wie in beheer is van die munisipaliteit se geld; en hoe die munisipaliteit sy geld in 'n gegewe jaar invorder en spandeer. Die webtuiste bied ook 'n geleentheid om finansiële prestasie van munisipaliteite te sien en te vergelyk. Dit voorsien ook 'n maklik-om-te verstaan analise van wat die data beteken, asook skakels na ander opvoedkundige bronne. Toegang kan verkry word vanaf 'n selfoon, dus kan inwoners die inligting enige tyd oproep en oral gebruik. Dit sal landsburgers in staat stel om die inligting te gebruik om besluite te neem, vrae aan munisipale bestuurders en burgemeesters te rig en hulle verantwoorbaar aan hulle gemeenskappe te hou ■

> "Dit is belangrik vir landsburgers om te weet dat hulle munisipaliteit geld invorder en hoe dit bestee word"



# ONDERSTEUN OPKOMENDE EN KOMMERSIËLE BOERE



**Die Landbou-Groei Inisiatief, gebasseer op die vennootskap tussen die regering, privaatsektor en Landbank, ondersteun opkomende en kommersiële boere met toegang tot befondsing, water en markte. Sommige van die hoogtepunte van hierdie inisiatief sluit in:**

- Die Landbank is in die proses om sowat R1 miljard in nuwe aandele en leningstransaksies in samewerking met die Nywerheidsontwikkelingskorporasie, kommersiële banke en ontwikkelingsfinansieringsinstellings vir beleggings in lewende hawe, sitrus en sagtevrugte te finaliseer. Hierdie transaksies ondersteun uitvoergebaseerde en arbeidsintensiewe projekte en sal transformasie in die landbou en verbeterde inklusiwiteit bevorder.
- Die Wateradministrasiestelsel is 'n geïntegreerde inligtingstelsel om waterverspreidingverliese by besproeiingskemas te verminder. Nadat hierdie stelsel by die Oranjerivier Watergebruikersvereniging besproeiingskema geïmplementeer is, het dit waterbesparing van 681 899 m³ per week tot gevolg gehad. Planne is in plek om die implementering van hierdie stelsel by alle besproeiingskemas te verseker, wat verbeterde waterdoeltreffendheid en addisionele hektare landbouproduksie sal oplewer.
- Die Brandvleidamprojek behels die verhoging van die kapasiteit van die Brandvleidamvoerkanaal om te verseker dat meer water na die dam herlei word. Die verhoging van die kanaal se kapasiteit behels die verhoging van die hoogte van die voerkanaal met 30cm, wat die afleiding van 'n bykomende 33 miljoen m³, water wat jaarliks benodig word om 'n bykomende 4 400 ha produktiewe grond te besproei, tot gevolg sal hê. Hierdie nuut besproeide grond sal ongeveer 8 000 primêre werksgeleenthede skep. Die regering het met boere, wat toegang tot die water het, onderhandel om hulle daartoe te verbind dat projekte 50 persent swart deelname sal hê.
- Die vermindering van risiko's wat verband hou met kleinboerlandbou kan sy groei verseker. Die Nasionale Tesourie oorweeg die haalbaarheid van landbouversekering vir behoeftige boere om hulle teen ekonomiese skokke en natuurrampe te beskerm. Daar word beoog om 'n loodsprojek in die derde kwartaal van 2017 te begin ■

# VOORSIENING VAN MAATSKAPLIKE ONDERSTEUNING AAN ARMES

Maatskaplike toelae is die mees direkte manier om armoede te verlig. Teen 2020 sal maatskaplike toelaes 18.1 miljoen Suid Afrikaners bereik, hoofsaaklik kinders (12.8 miljoen) en bejaardes (3.6 miljoen).

Die kinderonderhoudstoelaag sal na verwagting met R25 in 2017/18 verhoog, terwyl die pleegsorgtoelae met R30 sal verhoog. Die ouderdomstoelaag sal verhoog met R95 per maand in 2017/18.

| 2016/17[1] | 2017/18 |
|---|---|
| **STAATOUDERDOMSTOELAE** | |
| R1 505 | R 1 600 |
| **STAATOUDERDOMSTOELAE, OUER AS 75** | |
| R1 525 | R 1 620 |
| **OORLOGSVETERANE TOELAE** | |
| R1 525 | R 1 620 |
| **ONGESKIKTHEIDSTOELAE** | |
| R1 505 | R 1 600 |
| **PLEEGSORGTOELAE** | |
| R890 | R920 |
| **SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAE** | |
| R1 505 | R 1 600 |
| **KINDERONDERHOUDSTOELAE** | |
| R355 | R380 |

*1.Gemiddelde toelae waarde*


# WAAR KOM DIE GELD VANDAAN EN HOE GAAN DIT IN 2017/18 BESTEE WORD?

**Die hoofbronne van die geld wat die regering bestee is belastings en heffings.**

Moeilike ekonomiese toestande het die totale belasting wat in 2017/18 ingevorder sal word, verminder. Ten einde sy bestedingsprioriteite te handhaaf, stel die regering voor dat addisionele belastingsinkomste gehef word, hoofsaaklik deur persoonlike inkomstebelasting en dividend terughoudingbelasting. Daarom sal R1 265.5 miljard na verwagting in 2017/18 ingevorder word.

| BELASTINGINKOMSTE R Miljard | 2017/18 | % |
|---|---|---|
| PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING | 482.1 | 38.1 |
| KORPORATIEWE INKOMSTEBELASTING | 218.7 | 17.3 |
| BTW | 312.8 | 24.7 |
| DOEANE- EN AKSYNSBELASTING | 96.1 | 7.6 |
| BRANDSTOFHEFFINGS | 70.9 | 5.6 |
| ANDER | 84.9 | 6.7 |
| **TOTAAL** | **1 265.5** | **100.0** |

## GEKONSOLIDEERDE BESTEDING 2017/18






2017 People's Guide Afrikaans.indd 3
2017/02/18

# 2017 BEGROTING | BELASTING VOORSTELLE

SARS At Your Service

## Persoonlike Inkomstebelasting

### HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERING IN PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING JOU?

Hierdie Begroting maak voorsiening vir sekere veranderinge in persoonlike inkomstebelasting, insluitend veranderinge aan die drie laervlak belasbare inkomstebelastingsgroepe en die primêre korting om effense verligting van die effek van inflasie aan laervlak inkomste individue te voorsien.

Die bedrag wat 'n individu kan verdien voordat belasting betaal moet word is as volg aangepas vir die belastingjaar wat strek vanaf 1 Maart 2017 tot 28 Februarie 2018.

| BELASTINGDREMPELS | 2016/17 | 2017/18 |
|---|---|---|
| Onder die ouderdom van 65 | R75 000 | R75 750 |
| Ouderdom 65 tot 74 | R116 150 | R117 300 |
| Ouderdom 75 en ouer | R129 850 | R131 150 |

*Die nuwe belastingdrempels is as gevolg van die verhogings in die belastingkortings vir individuele belastingbetalers.*

| BELASTINGKORTINGS | 2016/17 | 2017/18 |
|---|---|---|
| Primêr (ouderdom onder 65) | R13 500 | R13 635 |
| Sekondêr (ouderdom 65 en ouer) | R7 407 | R7 479 |
| Tersiêr (75 jaar en ouer) | R2 466 | R2 493 |

## Belastingskale

### BELASTINGSKALE

Belasting betaalbaar deur individue en trusts vir die belastingjaar wat op enige datum tussen 1 Maart 2017 en 28 Februarie 2018 eindig.

| BELASBARE INKOMSTE VAN INDIVIDUE (R) | BELASTING BETAALBAAR (R) |
|---|---|
| 0 to 189 880 | 18% van belasbare inkomste |
| 189 881 tot 296 540 | 34 178 + 26% van belasbare inkomste hoër as 189 880 |
| 296 541 tot 410 460 | 61 910 + 31% van belasbare inkomste hoër as 296 540 |
| 410 461 tot 555 600 | 97 225 + 36% van belasbare inkomste hoër as 410 460 |
| 555 601 tot 708 310 | 149 475 + 39% van belasbare inkomste hoër as 555 600 |
| 708 311 tot 1 500 000 | 209 032 + 41% van belasbare inkomste hoër as 708 310 |
| 1 500 001 and above | 533 625 + 45% van belasbare inkomste hoër as 1 500 000 |
| Trusts uitgesluit spesiale trusts | Belastingkoers 45% |

#### INKOMSTEBELASTING: MAATSKAPPYE

Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 April 2017 en 31 Maart 2018 eindig

| Tipe | Belastingkoers |
|---|---|
| Maatskappye | 28% van belasbare inkomste |

#### INKOMSTEBELASTING: KLEINSAKEKORPORASIES

Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 April 2017 en 31 Maart 2018 eindig

| Belasbare inkomste (R) | Belastingkoers (R) |
|---|---|
| 0 – 75 750 | 0% van belasbare inkomste |
| 75 751 – 365 000 | 7% van belasbare inkomste hoër as 75 750 |
| 365 001 – 550 000 | 20 248 + 21% van belasbare inkomste hoër as 365 000 |
| 550 001 en hoër | 59 098 + 28% van die bedrag bo 550 000 |

#### OMSETBELASTING VIR MIKRO-BESIGHEDE

Finansiële jaar wat op enige datum tussen 1 April 2017 en 31 Maart 2018 eindig

| | |
|---|---|
| 0 – 335 000 | 0% van belasbare omset |
| 335 001 – 500 000 | 1% van belasbare omset bo 335 000 |
| 500 001 – 750 000 | 1 650 + 2% van belasbare omset bo 500 000 |
| 750 001 en meer | 6 650 + 3% van belasbare omset bo 750 000 |

## Sondebelasting

### TOENAME IN AKSYNSBELASTING OP TABAK EN ALKOHOL

| | VERHOOG MET |
|---|---|
| Moutbier | 12c per 340ml blikkie |
| Ongefortifiseerde wyn | 23c per 750ml bottel |
| Gefortifiseerde wyn | 26c per 750ml bottel |
| Vonkelwyn | 70c per 750ml bottel |
| Appelbier en alkoholiese vrugte drankies | 12c per 340ml bottel |
| Sterk drank | R4.43 per 750ml bottel |
| Sigarette | R1.06 per pakkie van 20 |
| Sigarettabak | R1.19 per 50g |
| Pyptabak | 40c per 25g |
| Sigare | R6.58 per 23g |

## Brandstofheffing

### TOENAME IN BRANDSTOF EN PADONGELUKKEFONDS HEFFINGS

Die algemene brandstofheffing sal op 5 April 2017 met 30c per liter verhoog. Dit sal die algemene brandstofheffing na R3.15 per liter brandstof en R3.00 per liter diesel verhoog. Die padongelukkefondsheffing sal op 5 April 2017 met 9c per liter brandstof en diesel verhoog.

## Suikerbelasting

### HEFFING OP VERSOETE DRANKIES

'n Heffing op versoete drankies sal geïmplementeer word sodra wysigings aan die Doeane- en Aksynswet uitgevaardig word. Die heffing sal 2.1c per gram suikerinhoud meer as 4g per 100 ml wees.

## Hereregte

### VERLAGING IN HEREREGTE

Die eerste R900 000 van die waarde van eiendom wat vanaf 1 Maart 2017 verkry word sal teen nul persent belas word. Voor 1 Maart 2017 is die eerste R750 000 van die waarde van eiendom teen nul persent belas.